MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

UNIEKE UITSTALLING VAN MERKWAARDIGE KUNSTENARES

Pretoria, 25 September 2012. ‘n Unieke uitstalling van beeldhouer en poppemaker, Elize Johnsen, wat ‘n stylhistoriese oorsig van modes uit die verlede vanaf die Middeleeue tot die 1990’s reflekteer, is vanaf 1 Oktober in Galery 20/20 by die Voortrekkermonument te sien. Vooraanstaande vroue vorm dan deel van die versameling porseleinpoppe, bv. Maria van Riebeeck, Emily Hobhouse, Anna Neethling-Pohl, Marike de Klerk (Elize is deur Marike gevra om die Voortrekker reeks te maak), asook diva Mimi Coertse.

Elize Johnsen se opleiding as kunsonderwyseres en klasse in beeldhoukuns was bloot voorlopers vir ’n totaal ander liefde - porseleinpoppe. Hierdie uitstalling bring hulde aan haar handvaardigheid en die merkwaardige artistieke nalatenskap van poppemakery.

Elize in op 13 Maart 1938 gebore. Sy het klas geneem by internasionale meesters in poppemakery in Engeland, Duitsland en die VSA. Haar poppe het dikwels op dergelike internasionale gildeskoue die beroemde “Blue Ribbon”-toekenning ontvang. Sy is ongelukkig in 2008 oorlede sonder dat ‘n volledige eenmanuitstalling van haar werk ooit die lig gesien het.

Wanneer ‘n mens die tegnologie van kleremakery, juweliersware, hare, gesig ens. van elke individuele pop van naderby bekyk, besef ‘n mens hoe omvangryk hierdie vakmanskap is. Dit het dikwels ongeveer drie volle maande geneem om een enkele pop klaar te maak.

Benewens die porseleinpoppe word ook enkele versamelpoppe van Elize uitgestal vanaf die Victoriaanse tyd tot die 1990’s. Enkele beeldhouwerke sal ook op die uitstalling wees wat uit ‘n kunsoogpunt vrae laat ontstaan oor die geykte opvatting dat bronsbeelde (selfs in kleiner formaat) as kuns beskou word, terwyl porselein as minderwaardige handwerk afgemaak word.

Die uitstalling is oop van Maandae tot Vrydae van 08:30 tot 15:30. Gewone toegangsgeld is van toepassing. Navrae kan gerig word aan Christo Rabie by opvoed@voortrekkermon.org.za of 012 326 6770.

UITGEREIK DEUR:

SONJA LOMBARD

BESTURENDE DIREKTEUR

VOORTREKKERMONUMENT

Tel: 012 326 6770

Faks: 012 326 8374

E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za